

**25 Junie**

**Skrifgedeelte: Handeling 26:19-32**

### **Byna 'n Christen**

Die boek Handeling vertel hoe die evangelie die wêreld ingaan. Dit is nie 'n suksesverhaal van oorwinning op oorwinning nie. Die boodskap van die kruis strand meer as een maal op die rotse van ongeloof en vyandskap. Maar die Christendom kan nie geheim gehou word nie. Christus se heerskappy geld vir alles en almal. Niemand – nie eers die koning nie – word verskoon nie.

Paulus se vurige en Geesvervulde (vgl vers 25) getuigenis omtrent Jesus Christus ontlok reaksies by die goewerneur én die koning. Festus se reaksie spreek van bewondering vir Paulus se geleerde betoog, sowel as van totale onbegrip vir die inhoud daarvan (vers 24). Hy kom weliswaar onder die indruk van die vreemdheid en appèl van die evangelie, maar laat hom nie daardeur verander nie. Wesenlik bly sy lewe onaangeraak.

Agrippa se reaksie is ewe ontwykend (vers 28). Paulus betrek die koning in die lig van die evangelie van Christus met sy vraag of hy die profete glo (vers 27). Paulus se argument berus daarop dat Moses en die profete almal van Jesus vertel (vgl verse 22-23). Agrippa probeer egter op 'n speelse manier uit hierdie appèl loskom. Hy weier om te kies. Maar dan het hy tóg gekies. Wesenlik verander daar ook niks in sy lewe nie. Christus kry geen heerskappy in sy lewe nie. *Byna 'n Christen* is dieselfde as *nie 'n Christen nie*. Dit is iets geweldigs dat God met mense praat, dat Hy die Woord tot jou rig. Dit kon anders gewees het. Ons het sekerlik iets anders verdien, soos 'n swyende God wat ons aan ons lot oorlaat. Maar Hy seek toenadering – ook tot jou. Hy sê: “Hier is Ek!” Wat sê jy dan? Wat is jou antwoord op God se Woord? Die gelowige antwoord: “Praat Here. U kneg luister.”

Sing: Psalm 68:15

Prof F Denkema (Potchefstroom)